**Kos vir Kinders is 'n landswye projek wat deur Vryburger Omgeemense gedryf word.**

Dink bietjie oor die volgende:

### Dis mos lekker om 'n kind te wees, nê?

Dis mos wanneer mens groei. En speel. Al die lekker dinge doen, sonder om bekommerd te wees oor reëls en grense en goeters. As mens 'n kind is, het jy 'n lisensie om net te speel en nuwe goed uit te probeer. En om te leer.

### Maar nie alle kinders is so gelukkig nie

Party kinders dink heeldag aan kos. Elke dag. Heeldag. Hul ouers kan dit nie bekostig om vir hulle kos te gee skool toe nie, al wil hulle hoe graag. En as hul maats hulle toebroodjies en lekkers eet en sap drink, dan sit dié kinders eenkant en maak of hulle nie omgee nie. Hulle is moeg..., verward..., gefrustreerd..., maar veral honger.

### Wat gaan ons doen?

Vryburger Omgeemense van Suid-Afrika gaan nie net staan en toekyk hoe een enkele kind op ons eie drumpel sukkel in die skool nét omdat hy of sy nie iets te ete kan bekostig nie. Daar is duisende kinders in en óm ons gemeenskappe wat op 'n daaglikse basis op skool kwyn; bloot uit honger.

Ons vra almal wat moontlik kán (besighede of individue) om deel te neem in hierdie projek. Kontak ons gerus om uit te vind hoe jy kan help.

Maak gerus kontak met enige van die George Vryburger korps lede of kontak ons via Facebook.

**https://www.facebook.com/GeorgeVryburgers**

### Ons strewe:

Vryburger Omgeemense van Suid-Afrika streef daarna:

- Om die Suid-Afrikaanse volk en gemeenskap te dien
- Om die Afrikaanse kultuur en tradisies te erken, uit te leef en op alle terreine te bevorder
- Om altyd die Bybel as grondslag te erken, en
- Om kameraadskap en samewerking in die gemeenskap te bevorder en aan te moedig.

### Wat beteken dit prakties?

Die Vryburger Omgeemense is daar om 'n verskil in hulle gemeenskappe te maak. Alhoewel "broodnood" 'n prioriteit is wil ons op ander gebiede ook 'n verskil maak. Fondsinsamelings is belangrik, maar soms rol ons ook ons moue op en doen iets in die gemeenskap.

'n Vryburgerkorps bestaan uit 'n aantal lede in 'n spesifieke dorp, stad of streek. Hierdie korpse is geaffilieer aan die Genootskap van Vryburgers van Suid-Afrika.




## TOESTEMMING VIR DEBIETORDER

Naam en van: ____________________ Kontaknommer: ____________________

Bank: ____________________ Rekeningnaam: ____________________

E-pos: ____________________ Rekeningnommer: ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐

Tjek: ☐ Transmissie: ☐ Spaar: ☐ Takkode: ☐☐☐☐☐☐

Ek gee hiermee magtiging aan die Vryburgers van George om my rekening te debiteer met die bedrag hieronder genoem:

R ________ (____________________ Rand) maandeliks op die 1ste dag van elke maand vanaf ____________ 20___

Alle onttrekkings moet hanteer word asof dit persoonlik deur my onderteken is.
Ek verstaan dat alle onttrekkings geprosesseer sal word deur 'n stelsel soos verskaf deur die Suid-Afrikaanse Banke en dat alle inligting sal verskyn op my bankstate.

Ek onderneem om alle bankkoste gekoppel aan hierdie debietorder te betaal. Hierdie toestemming kan gekanselleer word deur 'n geskrewe kennisgewing van dertig dae gestuur per geregistreerde pos, maar ek verstaan dat ek nie geregtig is op die terugbetaling van die bedrag wat getrek is terwyl die magtiging steeds van krag was nie. Ontvang van hierdie toestemming sal geag word as bindend deur die bank en die huidige debietorder in die George Vryburgers se guns vervang.

Ek erken dat die Vryburgers van George die magtiging het om onttrekkings van my rekening te doen maar dit nie mag oordra of verwys na 'n derde party sonder my skriftelike toestemming nie en dat ek nie my verpligtinge sonder 'n skriftelike toestemming sal wegneem vanaf die George Vryburgers nie.

Geteken te ____________ op hierdie ____ dag van ____________ 20___ Handtekening: ____________________